

8 Maart

Lukas: 9:59,60

Voorwaardelike volgeling

Soos die man in ons teks, is baie mense bereid om Jesus te volg maar op hulle voorwaardes. As hy 'n tyd van Jesus wil wegbreek om sy eie sake te behartig, moet hy dit kan doen.

Die voorwaarde wat die man stel klink na 'n wettige rede om vir 'n tyd van Jesus af weg te gaan. Laat my toe om eers terug te gaan om my pa te gaan begrawe. Waarskynlik bedoel hy met hierdie voorwaarde dat hy eers sy plig as kind moet gaan nakom. Sy pa is al oud en hy moet hom gaan versorg tot sy dood toe. Hy vra uitstel. As sy pa eendag dood is, sal hy kom en Jesus volg.

Gewillig maar....

Is dit nie met baie die geval nie? 'n Mens kry so maklik 'n rede waarom Jesus nie nou gevolg kan word nie.

En dit vra baie opofferings; dit eis selfverloëning; dit verg ingespanne volharding. Om Jesus te volg moet jy jouself gee, geheel en al; sonder reserwe.

Daarom die skynbare harde antwoord van Jesus aan die man van ons teks. Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.

Die boer wat aanhoudend agtertoe kyk sal nie die land ordentlik ploeg nie.

Jesus kan nie halfhartig gevolg word en deelyds gedien word nie.

Jesus eis die hele mens op. Dit sluit alles in. Ook jou gewone daaglikse aktiwiteite moet staan in diens van Jesus Christus.

Nie Sondagchristene nie maar voltyds in sy diens, elke dag.

Ds. A.Z. Pelser (Oos-Moot)